

Paas-gedigte**Hande**

U hande vorm perkament teen die bruin hout,
om met geskrifte van God te bly seën,
met 'n brief soos vlerke; hande wat teen
die wit dag skaduwees oor die wonde hou.

U wou ons met u hande aanraak, toevou,
growwe timmermanshande gevlek in stof,
terwyl U soos 'n vakman, verbaas, vol lof
is vir die grein van die hout wat U ophou.

Spykers is geen musiek in die Lentewind,
Roubelklaers sing met smart as U seën.
Heer, vergewe ons tog, ons pleit angsverblind.

Laaste wense word in linne ingebind
toe melaatse hande aan U s'n raak –
in u bloed geskrifte van die lewe vind.

Pieter Verster

Voete

In die stof het U so versigtig geloop
na konkelaars, swendelaars en ontroues.
Was U verwondbaar soos die gekneusde druif
toe hulle U verwerp en van u drome stroop?

U voete strek vasgevang uit teen die kruis...
In Nasaret, Kana, en by die Jordaan
het U openlik met blye nuus gestaan
en so die mooie pad vir ons aangewys.

'n Laaste mislukte tree strek uit in pyn...
Loop saam met my, nooi U ons nog vir oulaas,
ligvoets na dorpies wat ontwaak met wyn.

Sal ek ooit u voete ook kan was, O Heer,
as ek struikel en val sonder 'n kruis
en pleit dat U weer na my sal terugkeer?

Pieter Verster

Kop

U kop kantel skeef teen die kruis in gebed:
 Die doringkroon witskerp gedruk teen die hout –
 Ons oë roep pleitend na U, sien tog raak,
 dat trane in ons hande ons nie kan red.

Soos die maan kwyn, soos lewe inkrimp in dood,
 wag ons ook in Getsemanes van die tuin –
 Verraad in vuur, rokende drome van puin,
 laat ons smEEK om die wonder van nuwe brood.

O, Christus, verslae in ons waan en vrees,
 druk ons ons gesigte vas teen u gesig;
 pleit ons verlangend na U om mens te wees.

Stroop ons van onself as ons U verloën,
 met dorings brandende in ons eie kroon
 verlangend na blydschap wat wonders vertoon.

Pieter Verster

Torso

Die lou asem wat in U longe beweeg,
 ruk U liggaam terug in voorlaaste sug,
 die lewe is soos 'n vlag wat laaste val.
 Papyrus sonder letters hou wonde leeg.

Nou wag nog net die stil vroue op die dood,
 terwyl hulle soos moeders van soldate
 wag op die rou liggaam, as die kordate
 vervolgers nog oor die bloednat klere loot.

'n Geliefde word weer getrou weggelê.
 Staan nader vir rituele van lewe,
 fluisterend vir wat Hy so helder sou sê.

Is daar beloftes in die leë liggaam?
 Al die trane van die dood is opgeberg,
 as ons ons ten dode werp op U mooi Naam

Pieter Verster